higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 3

(3021013)

3 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

232Q1S2003

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 Makelaars is besighede wat 'n versekeringsrisiko onderskryf en hulle onderneem om vergoeding uit te betaal indien 'n risiko plaasvind.

1.1.2 Positiewe kontantvloei is wanneer die uitgawes van 'n besigheid meer as die inkomste is.

1.1.3 'n Begroting is 'n finansiële plan vir 'n bepaalde tydperk, gewoonlik 'n jaar.

1.1.4 Debiteure is mense of besighede aan wie geld geskuld word.

1.1.5 Delegering is 'n situasie waar die bedryfsbestuurder pligte uitvoer wat aan hom/haar toegewys is.

1.1.6 Defekte is foute of tekortkomings wat voorkom dat operasies gladweg verloop in 'n besigheid.

1.1.7 Etiek is morele beginsels van wat reg of verkeerd is.

1.1.8 'n Nul-toleransiebeleid lê streng strawwe op vir die skending van vasgestelde reëls en bedryfstandaarde.

1.1.9 'n Missieverklaring is 'n opsomming van die doelwitte en waardes van 'n besigheid.

1.1.10 Subkontraktering is wanneer 'n maatskappy 'n ander maatskappy aanstel om 'n gedeelte van die werk te doen as deel van 'n groter projek.

(10 × 1) (10)

1.2 Kies 'n term vanuit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Dis ontwerp om rekening te hou met moontlike toekomstige gebeure of omstandighede as dinge anders uitwerk	A	opleiding
1.2.2	Die vermoë om dinge te evalueer en om op te tree en deel te neem voor ander	B	fynskrif
1.2.3	Vooruitgang in terme van aanstelling, salaris en voordele en 'n verandering in die soort aktiwiteite wat 'n persoon verrig	C	werkskedule
1.2.4	Uitvoering van meer as een program of aktiwiteit op 'n gegewe tydstip	D	produksiereeks
1.2.5	'n Deel van 'n ooreenkoms of dokument wat beperkings en voorbehoude uitspel, dikwels in klein lettergrootte	E	inisiatief
1.2.6	Ontwikkeling van ander om vaardighede en vermoëns te verkry met betrekking tot 'n spesifieke werk	F	sakeplan
1.2.7	Die proses om 'n besluit of 'n plan in werking te stel	G	bevordering
1.2.8	Die mees koste-effektiewe aantal eenhede wat op 'n slag vervaardig word	H	noodplan
1.2.9	Die dae in 'n week en tye wat van 'n werknemer verwag word om die werk te doen	I	multifunksionering
1.2.10	Dit gaan oor die nuutste beskikbare tegnologie wat werknemers in staat stel om hul werk doeltreffender te doen	J	implementering
		K	voorpunt
		L	AGB ('TQM')

(10 × 1) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae.

FITHU GRILL BESIG OM OPGANG TE MAAK

Fifi en Thuto, albei voormalige studente van die Westelike TBOO Kollege (Westcol), het besluit om hul vaardighede en kennis te gebruik om naam te maak in die voedselbedryf. Hulle het albei hul nasionale diploma in gasvryheid en spyseniering voltooi en het vir 18 maande as vakleerlinge by Silverstar Hotel en Casino gewerk om nasionale diplomas te behaal. Weens hul toewyding as vakleerlinge is hulle permanent by Silverstar Casino aangestel.

Nadat hulle vir langer as vier jaar by die casino gewerk het, het hulle besluit om hul eie maatskappy te begin – Fithu Grill (FG) – wat vinnige diens en heerlike, vars etes bied aan diegene in SA wat 'n gesonde leefstyl volg. Hulle het die geld gebruik wat hulle ontvang het nadat hulle by die casino bedank het, maar het ook hulp ontvang van die Departement van Kleinsake om in 'n krag te ontpop waarmee rekening gehou moet word. Die restaurant is in die Randfontein SBD geleë en bedien mense wat aan die Wesrand en omliggende gebiede woon. Dit bied die nodige voedsel aan om nuwe hoogtes te bly bereik.

'Ons verskaf voedsame kitskos wat vars en bekostigbaar is en ons dra mense se gesondheid op die hart,' het Thuto tydens 'n onderhoud met 'n plaaslike koerant gesê. Hulle bied klante twee opsies: bestellings kan by hul voordeure afgelewer word of hulle kan in die restaurant eet. As deel van die onderneming se groeistrategie het hulle 'n bestuurder, Freddy, aangestel om die restaurant te bestuur, drie drywers om die bestellings aan klante af te lewer, vier vroue wat die etes in die kombuis berei, drie kelners en twee skoonmakers.

Fithu Grill is sedertdien die onderwerp van bespreking in die hele Wesrand en Mogale City. As antwoord op wat hul besigheidsuitbreidingsplanne is, het Thuto gesê: 'Ons beplan om uit te brei na omliggende dorpe soos Krugersdorp en Roodepoort of selfs na een van die inkopiesentrums soos Craddlestone Mall of Tamboti Mall. Ons sal aanhou om prestasiegrense te verskuif deur gerieflike, vars en gesonde kos aan te bied.

[Bron: *Thuputlela*, 2018]

2.1 Belanghebbendes is noodsaaklik vir die sukses van Fithu Grill.

2.1.1 Verduidelik maniere hoe die besigheid reaksie van belanghebbendes kan verkry aangaande hul sakepraktyke. (4 × 2) (8)

2.1.2 Verduidelik hoe FG die elemente van 'n belanghebbersbeleid kan gebruik wanneer hulle besigheid doen. (3 × 2) (6)

2.2 Watter maatreëls moet in plek geplaas word om te verseker dat inligting gladweg vloei tussen die besigheidstelsels van FG? (4 × 2) (8)

2.3 Gee riglyne vir hoe Fifi toegewysde rolle aan werknemers moet kommunikeer. (6)

Kopiereg voorbehou

2.4 Jy is deur Fifi genader om 'n bedryfsplan op te stel.

Verduidelik die elemente wat by 'n bedryfsplan ingesluit moet wees. (4 × 2) (8)

2.5 Noem VIER menslike hulpbronne wat in hierdie besigheid benodig word. (4)
[40]

VRAAG 3

3.1 Die besigheid kon nie sy maandelikse doelwitte bereik nie.

Noem VYF faktore wat die werknemers se bydrae tot die bereiking van doelwitte beïnvloed. (5)

3.2 Verduidelik VYF soorte risiko's wat die besigheidsoperasies van FG kan affekteer. (5 × 2) (10)

3.3 Verduidelik die gehaltebeheertegnieke wat gebruik kan word in die besigheid se voedselvoorbereiding. (4 × 2) (8)

3.4 Noem DRIE stappe wat Fifi kan volg wanneer sy 'n risiko-ontleding doen. (3)

3.5 Dis belangrik dat die eienaars van die besigheid tydens beplanning met werknemers oorleg pleeg.

Verduidelik die belangrikheid van oorlegpleging tussen beplanners. (2 × 2) (4)

3.6 Noem VYF gehaltebehoeftes van hierdie besigheid. (5)

3.7 Verduidelik VYF riglyne wat Thuto in gedagte moet hou wanneer hy die menslikeverhoudingsrol vervul. (5 × 2) (10)
[45]

VRAAG 4

4.1 Freddy is die bedryfsbestuurder van Fithu Grill en het 'n paar uitdagings ervaar in die beplanning en uitvoering van besigheidsaktiwiteite.

4.1.1 Verduidelik hoe hy die VYF SMART-beginsels kan toepas. (5 × 2) (10)

4.1.2 Verduidelik SES stappe in die beplanningsproses wat hy moet navolg. (6 × 2) (12)

4.2 Freddy wil AGB ('TQM') instel.

4.2.1 Verduidelik VIER AGB-hulpmiddels vir hierdie besigheid. (4 × 2) (8)

4.2.2 Noem die VIER pilare van AGB. (4)

Kopiereg voorbehou

4.3 Kommunikasie is belangrik vir die sukses van besigheidstelsels.

Bespreek die DRIE faktore wat die doeltreffende vloei van inligting tussen besigheidstelsels beïnvloed. (3 × 2) (6)

4.4 Fithu Grill behoort altyd aan finansiële prosedures te voldoen.

Noem VYF gevolge as finansiële prosedures nie nagekom word nie. (5)
[45]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou